2. (1) Bewilligings deur die Provinsiale Parlement van geld uit die Provinsiale Inkomstefonds vir die behoeftes van die Provinse in die 2025/26- finansiële jaar, vir begrotingsposte en hoofindelings binne ’n begrotingspos en vir die spesifieke gelyste doeleinades, word in die Bylae uiteengesit.	20
(2) Die besteding van bewilligings beoog in subartikel (1) is onderhewig aan hierdie Wet, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die “Financial Management of Parliament and Provincial Legislatures Act, 2009” (Wet 10 van 2009).	

Bedrae gelys as spesiek en uitsluitlik bewillig

3. Bedrae in die Bylae gelys as spesiek en uitsluitlik bewillig en wat verwys na—	
(a) nasionale voorwaardelike toekennings, mag slegs vir die doel bepaal in die Division of Revenue Act en ooreenkomstig die raamwerk gepubliseer ingevolge daardie Wet gebruik word; en	
(b) geoormerkte toekennings, mag slegs vir die doel bepaal in die Bylae en ooreenkomstig die voorskrifte van tyd tot tyd uitgereik ingevolge artikel 4(2) van hierdie Wet gebruik word.	30

Geoormerkte toekennings

4. (1) Geoormerkte toekennings aan provinsiale departemente word in kolom 2 van die Bylae beskryf.	35
(2) Die Provinsiale Tesourie kan van tyd tot tyd voorskrifte oor geoormerkte toekennings uitreik.	
(3) ’n Voorskrif—	
(a) moet die verslagdoeningsvereistes waaraan provinsiale departemente moet voldoen van ’n funksie wat deur elke toekenning befonds of gedeeltelik befonds word, skriftelik uiteensit, behalwe waar sodanige omvattende verslagdoening reeds ingevolge ander wetgewing vereis word; en	40
(b) kan verder maatreëls ten opsigte van ’n toekenning uiteensit om deursigtigheid, verantwoordbaarheid en uitgawebeheer te verseker.	

Weerhouding of staking van geoormerkte toekennings

5. (1) Die Provinsiale Tesourie kan die oordrag van fondse ten opsigte van ’n geoormerkte toekenning aan ’n provinsiale departement weerhou of staak weens die ernstige of volgehoue wesenlike oortreding, deur daardie departement, of enige ander ontvangende staatsorgaan waarvoor daardie departement verantwoordelik is, van die maatreëls beoog in artikel 4(3) ten opsigte van die geoormerkte toekenning.	50
(2) Die Provinsiale Tesourie moet, voordat ’n geoormerkte toekenning ingevolge subartikel (1) weerhou word, aan die betrokke provinsiale departement—	
(a) skriftelik kennis gee van sy voorneme om die geoormerkte toekenning te weerhou; en	

- (b) n geleentheid gee om skriftelike vertoë in te dien waarom die geoormerkte toekenning nie weerhou behoort te word nie.
- (3) Die Provinciale Tesourie kan, waar hy 'n geoormerkte toekenning ingevolge hierdie artikel staak, ná oorlegpleging met die betrokke provinsiale departement, in 'n aansuiweringsbegroting bepaal dat 'n gedeelte van die geoormerkte toekenning wat nie bestee is nie aan enige ander provinsiale departement hertoegeken word. 5
- (4) Die Provinciale Tesourie moet, waar hy 'n geoormerkte toekenning ingevolge hierdie artikel staak, 'n kennisgewing van die staking, tesame met 'n verduidelikende memorandum, in die *Provinciale Koerant* publiseer.
- Weerhouding van voorwaardelike toekennings** 10
- 6.** (1) 'n Oordraende provinsiale beamppte kan die oordrag aan 'n munisipaliteit van 'n voorwaardelike toekenning of enige gedeelte van so 'n toekenning vir 'n tydperk van hoogstens 30 dae weerhou indien—
- (a) die munisipaliteit nie voldoen aan die voorwaardes waaraan die toekenning ingevolge die tersaaklike raamwerk onderhewig is nie; of 15
 - (b) uitgawes op vorige oordragte gedurende die munisipale finansiële jaar beduidende onderbesteding toon waarvoor geen bevredigende verduideliking gegee is nie.
- (2) 'n Oordraende provinsiale beamppte moet, minstens sewe dae of die korter tydperk wat die Provinciale Tesourie goedkeur, voor die weerhouding van 'n toekenning ingevolge subartikel (1)— 20
- (a) die betrokke munisipaliteit—
 - (i) skriftelik kennis gee van sy of haar voorneme om die toekenning te weerhou; en
 - (ii) 'n geleentheid gee om, binne daardie sewe dae of daardie korter tydperk, skriftelike vertoë in te dien waarom die toekenning nie weerhou behoort te word nie; en
 - (b) die Provinciale Tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering in kennis stel van sy of haar voorneme om die toekenning te weerhou. 25
- (3) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (2) moet die redes vir die weerhouding van die toekenning en die voorgenome duur van die weerhouding insluit.
- (4)(a) Die Provinciale Tesourie kan, wanneer 'n oordraende provinsiale beamppte 'n toekenning ingevolge subartikel (1) weerhou, daardie beamppte opdrag gee, of 'n versoek van daardie beamppte toestaan, om die toekenning te weerhou vir 'n tydperk van langer as 30 dae, maar hoogstens 120 dae, indien die weerhouding— 35
- (i) voldoening aan die voorwaardes waaraan die toekenning onderhewig is, vergemaklik; of
 - (ii) die risiko van onderbesteding verminder.
- (b) 'n Oordraende provinsiale beamppte moet, wanneer die weerhouding van 'n toekenning soos beoog in paragraaf (a) aangevra word, die Provinciale Tesourie voorsien van bewys van voldoening aan subartikel (2) en 'n afskrif van alle vertoë ontvang van die betrokke munisipaliteit. 40
- (c) Die oordraende provinsiale beamppte moet weer aan subartikel (2) voldoen wanneer die Provinciale Tesourie ingevolge paragraaf (a) opdrag gee of 'n versoek toestaan dat 'n toekenning weerhou word. 45
- Staking van voorwaardelike toekennings**
- 7.** (1) Ondanks artikel 6 kan die Provinciale Tesourie, na goeddunke of op versoek van 'n oordraende provinsiale beamppte, die oordrag aan 'n munisipaliteit van 'n voorwaardelike toekenning of enige gedeelte van so 'n toekenning staak— 50
- (a) op grond van 'n ernstige of volgehoue wesenlike oortreding van die voorwaardes waaraan die toekenning onderhewig is ingevolge die betrokke raamwerk; of
 - (b) indien die Provinciale Tesourie verwag dat die munisipaliteit in die lopende munisipale finansiële jaar aansienlik op die betrokke program of toekenning sal onderbestee. 55
- (2) Die Provinciale Tesourie moet, voordat 'n toekenning ingevolge hierdie artikel gestaak word—
- (a) aan die betrokke munisipaliteit—

- (i) 21 dae skriftelike kennis gee van die voorneme om die toekenning te staak; en
(ii) 'n geleentheid gee om binne daardie 21 dae skriftelike vertoë in te dien waarom die oordrag van die toekenning of 'n gedeelte daarvan nie gestaak behoort te word nie; en
(b) die provinsiale minister verantwoordelik vir die provinsiale departement wat die voorwaardelike toekenning oordra, raadpleeg.
- (3) Die Proviniale Tesourie moet, waar hy 'n toekenning ingevolge subartikel (1) staak, 'n kennisgewing van die staking, tesame met 'n verduidelikende memorandum, in die *Proviniale Koerant* publiseer.
- (4) Die Proviniale Minister moet van die staking van die toekenning verslag doen aan—
(a) die Ouditeur-generaal; en
(b) die Proviniale Parlement by die tertafellegging van die volgende begrotingswetgewing in die Proviniale Parlement.
- Hertoekenning ná staking van toekenning aan munisipaliteit**
- 8.** Die Proviniale Tesourie kan, waar hy 'n toekenning ingevolge artikel 7 staak, ná oorlegpleging met die oordraende provinsiale beampte en onderhewig aan die Division of Revenue Act, bepaal dat die toekenning of enige gedeelte daarvan aan een of meer munisipaliteite hertoegeken word op voorwaarde dat die toekenning in die lopende of die volgende munisipale finansiële jaar bestee moet word.
- Oordragte verkeerdelik oorbetaal**
- 9.** (1) Die oordrag van 'n toekenning wat verkeerdelik aan 'n munisipaliteit oorbetaal is, word geag as nie regmatig aan daardie munisipaliteit verskuldig nie.
(2) 'n Oordrag beoog in subartikel (1) moet sonder versuim deur die verantwoordelike oordraende provinsiale beampte verhaal word.
(3) Ondanks subartikel (2) kan die Proviniale Tesourie opdrag gee dat die verhaling beoog in subartikel (2) teweeggebring word deur verrekening teen toekomstige oordragte wat die munisipaliteit toekom.
- Onbestede voorwaardelike toekennings**
- 10.** (1) Onderhewig aan die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur en die Division of Revenue Act val enige voorwaardelike toekenning wat nie teen die einde van 'n munisipale finansiële jaar deur 'n munisipaliteit bestee is nie, terug op die Proviniale Inkomstefonds, tensy die betrokke ontvangende munisipale beampte tot die bevrediging van die Proviniale Tesourie en die oordraende provinsiale beampte kan bewys dat die onbestede toekenning vir identifiseerbare projekte bestem is.
(2) Die Proviniale Tesourie kan, op versoek van 'n oordraende provinsiale beampte of 'n munisipaliteit beoog in subartikel (1), goedkeuring verleen dat die voorwaardelike toekenning deur die munisipaliteit behou word vir besteding in die volgende munisipale finansiële jaar.
(3) Enige fondse wat ingevolge subartikel (1) op die Proviniale Inkomstefonds moet terugval en wat nie ingevolge subartikel (2) deur die Proviniale Tesourie goedgekeur is om behou te word nie, moet deur die munisipaliteit aan die Proviniale Inkomstefonds terugbetaal word.
(4) Die Proviniale Tesourie kan enige fondse wat ingevolge subartikels (1) en (3) aan die Proviniale Inkomstefonds terugbetaal moet word, maar wat nog nie terugbetaal is nie, ooreenkomsdig subartikel (5) verreken teen toekomstige voorwaardelike toekenning aan daardie munisipaliteit.
(5) Voordat die Proviniale Tesourie enige bedrae teen toekomstige voorwaardelike toekennings aan 'n munisipaliteit ingevolge subartikel (4) verreken, moet die Proviniale Tesourie die oordraende provinsiale beampte en betrokke ontvangende munisipale beampte—
(a) skriftelik kennis gee van sy voorneme om bedrae teen toekomstige betalings vir voorwaardelike toekennings te verreken; en
(b) 'n geleentheid gee om, binne 14 dae vanaf ontvangs van die kennisgewing bedoel in paragraaf (a)—

- (i) skriftelike vertoë in te dien wat tot die bevrediging van die Provinciale Tesourie bewys dat die onbestede voorwaardelike toekenning óf ooreenkomsdig die tersaaklike raamwerk bestee is óf vir identifiseerbare projekte bestem is;
- (ii) ander middele voor te stel wat aanvaarbaar is vir die Provinciale Tesourie waardeur die onbestede voorwaardelike toekennings aan die Provinciale Inkomstefonds terugbetaal sal word; of
- (iii) 'n alternatiewe betalingsreëling voor te stel ingevolge waarvan die onbestede voorwaardelike toekennings aan die Provinciale Inkomstefonds terugbetaal sal word.
- (6) 'n Kennisgewing beoog in subartikel (5) moet die voorgenome bedrag wat teen toekennings verreken staan te word en die redes vir die verrekening van die bedrae insluit.
- Delegasies en opdragte**
- 11.** (1) Die Provinciale Minister kan enige van die bevoegdhede of enige van die pligte wat ingevolge hierdie Wet aan die Provinciale Tesourie toevertrou is aan die Departementshoof deleger of opdra. 15
- (2) 'n Delegasie of opdrag bedoel in subartikel (1)—
- (a) moet op skrif wees;
 - (b) kan onderhewig aan voorwaardes gemaak word;
 - (c) kan skriftelik deur die Provinciale Minister ingetrek of gewysig word;
 - (d) onthef nie die Provinciale Tesourie van die verantwoordelikheid ten opsigte van die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die opgedraagde plig nie;
 - (e) verhinder nie die Provinciale Tesourie om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie; en
 - (f) kan die verdere delegering van daardie bevoegdheid of verdere opdrag van daardie plig aan 'n ander werknemer in die Provinciale Tesourie of die houer van 'n spesifieke amp of posisie in die Provinciale Tesourie toelaat, in welke geval paragrawe (a) tot (e) van toepassing is, met die nodige veranderings.
- (3) Die Provinciale Minister kan enige besluit geneem deur die Departementshoof as gevolg van 'n delegasie of opdrag ingevolge subartikel (1) of deur 'n ander werknemer van die Provinciale Tesourie of houer van 'n spesifieke amp of posisie in die Provinciale Tesourie as gevolg van 'n verdere delegering of 'n verdere opdrag ingevolge subartikel (2)(f), bevestig, verander of herroep, onderhewig aan enige regte wat moontlik as gevolg van die besluit gevinst geraak het. 30
- (4) 'n Oordraende provinsiale beampete kan enige van die bevoegdhede of enige van die pligte wat ingevolge hierdie Wet aan die oordraende provinsiale beampete toevertrou is, aan 'n amptenaar in dieselfde departement deleger of opdra. 40
- (5) 'n Delegasie of opdrag aan 'n beampete ingevolge subartikel (4)—
- (a) moet in oorleg met die Provinciale Tesourie gedoen word;
 - (b) moet op skrif wees, en 'n afskrif daarvan moet aan die Provinciale Tesourie voorgelê word;
 - (c) is onderhewig aan enige beperkings en voorwaardes wat die Provinciale Tesourie kan oplê;
 - (d) is onderhewig aan enige beperkings en voorwaardes wat die oordraende provinsiale beampete kan oplê;
 - (e) kan óf aan 'n spesifieke individu óf aan die houer van 'n spesifieke pos in dieselfde departement wees;
 - (f) kan deur die oordraende provinsiale beampete skriftelik ingetrek of gewysig word;
 - (g) onthef nie die oordraende provinsiale beampete van die verantwoordelikheid ten opsigte van die uitoefening van die gedelegeerde bevoegdheid of die verrigting van die opgedraagde plig nie; en
 - (h) verhinder nie die oordraende provinsiale beampete om daardie bevoegdheid uit te oefen of daardie plig te verrig nie.
- (6) Die oordraende provinsiale beampete kan enige besluit wat deur 'n amptenaar as gevolg van 'n delegasie of opdrag ingevolge subartikel (5) geneem is, bevestig, verander of herroep, onderhewig aan enige regte wat moontlik as gevolg van die besluit gevinst geraak het. 60

Kort titel

12. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Begrotingswet, 2025.

BYLAE
 (As 'n las teen die Provinciale Inkomstefonds)

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingsposte	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
1	Premier	R'000 2 012 784	R'000 700 776	R'000 1 226 164	R'000 47 010	R'000 38 834	R'000	R'000 573 515	
2	Provinciale Parlement	211 803	104 919	36 735	59 981	10 168			
3	Provinciale Tesourie	359 755	240 524	62 799	54 496	1 936			
4	Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid	753 478	179 991	99 885	466 606	6 996		358 413	
5	Onderwys	33 259 103	23 736 654	3 553 619	4 106 918	1 855 026	6 886	3 573 525	
6	Gesondheid en Welstand	32 007 601	19 140 508	9 708 170	1 744 497	1 414 426		8 032 060	
7	Maatskaplike Ontwikkeling	2 725 610	1 225 051	282 742	1 136 412	81 405		15 261	
8	Mobiliteit	3 223 468	635 649	941 115	1 573 602	73 102		1 491 926	
9	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning	669 944	279 947	44 435	340 377	5 185		102 100	
10	Infrastruktuur	9 827 629	1 012 562	2 528 474	2 791 575	3 495 018		3 778 077	
11	Landbou	1 021 484	518 997	212 480	150	253 530	36 327		260 566
12	Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme	515 005	156 147	91 531	263 787	3 540		194 616	
13	Kultuursake en Sport	958 692	267 811	196 584	465 520	28 777		459 285	
14	Plaaslike Regering	440 022	238 570	88 976	105 669	6 704	103	101 373	
		87 986 378	48 438 106	19 073 709	150	13 409 980	7 057 444	6 989	18 940 717

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
1	Premier <i>Doele:</i> Om 'n bekwame Wes-Kaapse Regering (WKR) moontlik te maak en te bestuur deur 'n kultuur van innovasie en samewerking te institusionaliseer om beter dienste aan die mense van die Wes-Kaap te lewer.	R'000 2 012 784	R'000 700 776	R'000 1 226 164	R'000	R'000 47 010	R'000 38 834	R'000	R'000 573 515
1	1 Uitvoerende Regeringsbestuur en Integrasie (Administrasie) <i>Om uitvoerende regeringsondersteuningsdienste te verleen.</i> Oordragte en subsidies Openbare korporasies en privaat ondernemings Kommunikasie: Licensies (radio en televisie) Organisasies sonder winsoogmerk Geskenke en donasies: Verskeie projekte volgens versoek	141 311	98 007	36 360		310	6 634		
2	2 Provinciale Strategiese Bestuur <i>Om provinsiale strategiese beleidsprioriteite te rig en te koördineer om dienslewering aan die mense van die Wes-Kaap te verbeter deur middel van bewys-ingeligte beleid, strategiese programme en databestuursdienste.</i> Waarvan Geoormerkte toekenning: Energie Geoormerkte toekenning: Strategiese gebeure Geoormerkte toekenning: Kommissaris vir Kinders	164 877	55 889	93 366		15 572	50		
3	Oordragte en subsidies Openbare korporasies en privaat ondernemings Kommunikasie: Licensies (radio en televisie) Organisasies sonder winsoogmerk Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys: Versterk bydrae van hoër onderwys tot die provinsiale ekonomie Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (WCEDP): Steun vir die WCEDP om ekonomiese ontwikkelingsamewerking in die provinsie te koördineer	231 635	192 430	37 934		31	1 240		
4	3 Mensebestuur <i>Om 'n dwarsleggende mensebestuursdienst te verleen, insluitend organisatoriese ontwikkeling, opleiding en ontwikkeling, en mensepraktyke.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Openbare korporasies en privaat ondernemings Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)	1 328 008	221 560	1 044 456		31 092	30 900		
5	4 Sentrum vir e-Innovering <i>Om diensuitnemendheid deur middel van inligtingskommunikasie-tegnologie vir die mense van die Wes-Kaap moontlik te maak.</i> Waarvan Geoormerkte toekenning: Breëbandprojek	81 545	72 339	9 192		4	10		502 707
6	Oordragte en subsidies Openbare korporasies en privaat ondernemings Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)	65 408	60 551	4 856		1			
6	5 Korporatiewe Sekerheid <i>Om ondernemingsrisikobestuurs-, interne-oudit- en provinsiale forensiese dienste te verleen.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Openbare korporasies en privaat ondernemings Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)					4			
6	6 Regsdienste <i>Om omvattende regsdienste aan die WKR te lewer.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Openbare korporasies en privaat ondernemings Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)					1			
							1		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
2	Provinsiale Parlement Doel: Die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement (WKPP) is daartoe verbind om: 'n Geloofwaardige, deursigtige en verantwoordbare Parlement te wees wat verbind is tot integriteit, respek en goeie bestuurstoesig. 'n Responsiewe, burgersetreerde Parlement te wees met 'n robuuste benadering tot toesig, wetgewing en verteenwoordiging. 'n Bedreve, bekware, professionele en moderne parlementêre administrasie te wees wat in staat is om Lede te ondersteun om hul grondwetlike mandaat doeltreffend en doelmatig te vervul. 1 Bestuurspraktyk (Leierskap) en Administrasie <i>Om algehele strategiese leiding en rigting aan die WKPP te gee.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Openbare korporasies en privaat ondernemings</i> <i>Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)</i> <i>Huishoudings</i> <i>Geskenke en donasies: Bestuuraansporingsbelonings</i>	R'000 211 803	R'000 104 919	R'000 36 735	R'000	R'000 59 981	R'000 10 168	R'000	R'000
	2 Parlementêre Steudienste <i>Om doeltreffende prosedurele en verwante ondersteuning aan die Huis en komitees te verskaf en om openbare deelname te faciliteer.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Huishoudings</i> <i>Geskenke en donasies: Bestuuraansporingsbelonings</i>	26 563		20 632	5 908			23	
	3 Openbare Skakeling <i>Om toe te sien dat doeltreffende openbare skakeling plaasvind en om openbare betrokkenheid by wetgewing en ander prosesse te faciliteer.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Huishoudings</i> <i>Geskenke en donasies: Bestuuraansporingsbelonings</i>	17 779		14 925	2 837			17	
	4 Ledestun <i>Om aan Lede en politieke partye bemagtigingsfasilitete en voordele te verskaf.</i> <i>Waarvan</i> Oordragte en subsidies <i>Buitelandse regerings en internasionale organisasies</i> <i>Ledegeld: Statebond-parlementêre vereniging</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Politieke partye: Sekretariële en kiesafdelingstoelaes</i> <i>Huishoudings</i> <i>Werknekmersbystandsvoordele: Aftreevoordele vir Lede</i>	67 476		2 843	4 781	59 852		615 57 733 1 504	

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
3	Provinsiale Tesourie <i>Doele: Inwonergesentreerde regering: Bevorder inwonergesentreerde regeringsbestuur deur strategiese vennootskappe, samewerking en aanspreeklikheid. Volhoubare dienslewering: Gebruik geïntegreerde bestuurstelsels en doeltreffende mobilisering van hulpbronne om volhoubare dienslewering moontlik te maak, en sodende om doeltreffendheid en waarde-vir-geld te verbeter. Innovering en aanpasbaarheid: Dryf innovering en aanpasbaarheid om kapasiteit in die openbare sektor, goeie bestuur en finansiële administrasie te verbeter.</i>	R'000 359 755	R'000 240 524	R'000 62 799	R'000	R'000 54 496	R'000 1 936	R'000	R'000
	1 Administrasie <i>Om strategiese rigtinggewing en gehalte finansiële en ander steundiensste aan die Minister en Departementshoof te voorsien.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Openbare korporasies en privaat ondernemings Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie) Huishoudings Beurse betaalbaar aan niewerknelmers	61 263		45 696	11 121		2 510	1 936	
	2 Volhoubare Hulpbronbestuur <i>Om die doeltreffende en doelmatige bestuur van provinsiale en munisipale finansiële hulpbronne te verseker.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Provinse en munisipaliteite Munisipaliteite: Om munisipaliteite te ondersteun om hul finansiële bestuursvermoëns te verbeter Munisipaliteite: Om munisipaliteite te help om hul funksies effekief te verryg, insluitende die koördinering en geïntegreerde funksies en ondersteuning wat verband hou met die verbetering van algehele finansiële bestuur en finansiële volhoubaarheid binne munisipaliteite wanneer daar 'n munisipale intervensie is Departementele agentskappe en rekening Wes-Kaapse Raad op Dobbelaer en Wedrenne	170 456		96 639	24 131		49 686		
	3 Batebestuur <i>Om beleidsrigtinggewing te verleen, en om die bestuur van provinsiale finansiële stelsels, roerende bates en voorzienskanaalbestuur binne die provinsiale en munisipale sfere te faciliteer en toe te pas.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Provinse en munisipaliteite Munisipaliteite: Om munisipaliteite te ondersteun om hul finansiële bestuursvermoëns te verbeter	78 784		55 401	21 583		1 800		
	4 Finansiële Bestuurtoesig <i>Om rekenpligtigheid en finansiële bestuurtoesig binne departemente, entiteite en munisipaliteite te bevorder.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Provinse en munisipaliteite Munisipaliteite: Om munisipaliteite te ondersteun om hul finansiële bestuursvermoëns te verbeter	49 252		42 788	5 964		500		
							500		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
4	Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid <i>Doel: Om die veiligheid en veerkrachtigheid van Wes-Kaapse inwoners te verbeter deur geweldvoorkoming en gemeenskapsbemagtigingsinisiatiewe, die doeltreffendheid en responsiwiteit van wetstoepassing te verbeter, en die veiligheid en sekuriteit in die werksomgewing vir WKR-werknekmers te bevorder.</i>	R'000 753 478	R'000 179 991	R'000 99 885	R'000	R'000 466 606	R'000 6 996	R'000	R'000 358 413
1	Administrasie <i>Om aan die Departement en verwante entiteite strategiese rigting en ondersteunings-, administratiewe, finansiële en uitvoerende dienste te lewer. Die doel van die program is om doeltreffende steun aan die ministeriële kantore, Departementshoof, Wes-Kaapse Polisieombudsman en Wes-Kaapse Drankowerheid (WKDO) te bied wat betref die funksies van strategiese leierskap en effektiwe bestuur insluitende finansiële bestuur.</i>	127 635	53 612	12 013		60 816	1 194		
	Waarvan Geoormerkte toekenning: Drankowerheid: Entiteit Self-volhoubare kapasiteitsondersteuning Geoormerkte toekenning: Provinciale Veiligheidskoördinerings-en-Intelligensiesentrum								1 443 2 000
	Oordragte en subsidies Departementelege agentskappe en rekeninge Wes-Kaapse Drankowerheid (WKDO): Ondersteuning aan Drankraad om die drankbedryf te reguleer					60 816			
2	Provinciale Sekretariaat vir Polisiediens <i>Om toesig te hou oor die gedrag, doelmatigheid en doeltreffendheid van wetstoepassingsagentskappe in die provinsie.</i>	76 662	57 719	10 109		6 776	2 058		
	Waarvan Oordragte en subsidies Provincies en munisipaliteite Veiligheidsinisiatief implementering - "samelewing as geheel"-benadering (WoSA) Organisasies sonder winsoogmerk Veiligheidsprogramme: Buurtwagprojekte Gemeenskapspolisiëringforums: Projekbefondsing					4 613			
3	Provinciale Polisiëringsfunksies <i>Om uitvoering te gee met die implementering van die grondwetlike mandaat wat aan provinsies gegee is, ingevolge hul rol in die bevordering van goeie verhoudinge tussen gemeenskappe en die polisie deur sy gemeenskapsinklusiewe benadering en om te verseker dat alle diensleweringsklagtes oor polisiëring in die provinsie onafhanklik en effektiel aangespreek word.</i>	440 595	7 169	34 059		399 014	353		
	Waarvan Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkoprogram (UOWP) Geïntegreerde Toekenning aan Provinsies Geoormerkte toekenning: Bevorderingsplan vir Wetstoepassing (LEAP)								4 970 350 000
	Oordragte en subsidies Provincies en munisipaliteite Vredesbeambtes-opleidingsondersteuning Wetstoepassingsbevorderingsplan (LEAP) Hulpbronfinansiering vir die vestiging van 'n Wetstoepassingseenheid vir Landelike Veiligheid by munisipaliteite Hulpbronfinansiering vir die vestiging en ondersteuning van 'n honde-eenheid by munisipaliteite Huishoudings Chrysalis-fonds-projek: Wes-Kaap Geskenke en donasies					1 800 350 000 10 155 12 800 24 205 54			
4	Sekuriteitsrisikobestuur <i>Om 'n "regering as 'n geheel"-benadering in werking te stel vir die bou van meer veerkrugtige instellings.</i>	108 586	61 491	43 704			3 391		

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werkneemers	Goedere en dienste	Ander				
5	Onderwys <i>Doeleind:</i> Die missie van die Departement is om te verseker dat elke kind leergeleenthede van gehalte het in 'n funksionele en instaatstellende omgewing om kennis, bekwaamhede, vaardighede en waardes te verwerf om in 'n veranderende wêreld te slaag.	R'000 33 259 103	R'000 23 736 654	R'000 3 553 619	R'000 4 106 918	R'000 1 855 026	R'000 6 886	R'000 3 573 525	
	1 Administrasie <i>Om oorhoofse bestuur aan die onderwysstelsel te voorsien ooreenkomsdig die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996), die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), en tersaaklike beleide.</i> <i>Waaranvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Naskoolse onderrigaansporing: Massa deelname; geleenthede en toegang; ontwikkeling en groei (MGO): nagraadse studiefelers</i> <i>Geoormerkte toekenning: Skoolhulpbronbeamptes</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Provincies en munisipaliteite</i> <i>Skoolhulpbronbeamptes</i> <i>Departementele agentskappe en rekening</i> <i>Wes-Kaapse Toerisme-, Handels- en Investeringsbevorderingsagentskap (Wesgro): Vir die Edu Invest Openbare-privaat-vennootskapsinisiatief wat transformerende belegging in onderwys teiken</i> <i>Openbare korporasies en privaat ondernemings</i> <i>Kommunikasie: Licensies (radio en televisie)</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Fondse voorsien aan gewone openbare skole vir subsidie ten opsigte van internettkonnektiwiteit, rekenaartoerusting aan skole, veiliger skole, LITNUM-toekenningens en biblioteekdienste</i> <i>Huishoudings</i> <i>Werknemersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i>	1 826 861	1 231 721	416 637	72 118	99 499	6 886		
	2 Gewone Openbare Skoolonderrig <i>Om gewone openbare onderrig vanaf graad 1 tot 12 ooreenkomsdig die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), en Onderwyswitskrif 6 op Spesiale Onderwys: Die Vestiging van 'n Inklusiewe Onderwys- en Opleidingstelsel (Julie 2001) (Witskrif 6). E-onderwys word ook ingesluit.</i> <i>Waaranvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Skoolvoedingsprogram</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) Geïntegreerde Toekenning vir Provincies</i> <i>Geoormerkte toekenning: Naskool-onderrigaansporing (MGO: Verkryging, opknapping en instandhouding van toerusting)</i> <i>Geoormerkte toekenning: Naskoolvoedingskema vir MGO-sentrum. Hierdie toekenning maak voorsering vir die voeding van leerders by MGO-sentrum by geïdentifiseerde skole</i> <i>Geoormerkte toekenning: Kurrikulum: Verbeterde Lewensorientering</i>	24 097 849	20 008 208	1 601 462	2 477 386	10 793			
									4 000 29 040 35 040 5 000 21 24 986 7 071 551 103 39 346 2 634 70 970 5 000

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknekmers	Goedere en dienste	Ander				
	Oordragte en subsidies <i>Departementele agentskappe en rekening</i> Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie) Organisasies sonder winsoogmerk Artikel 21-norme en -standarde Artikel 21-skoolgelde Nie-artikel 21-instandhouding en munisipale dienste Nie-artikel 21-skoolgelde Vergoeding vir skoalgeldvrystellings Om openbare skole te help om hulle institusionele aktiwiteite uit te voer Toerusting vir mobiele kombuisie; stipendium vir vrywilligers en voedselhanteerders; Vrugte-en-groente-loodsprogram Samewerkende skole Leerdervervoer Administratiewe ondersteuning vir klein skole Privaat vervoer Koshuissubsidie Kerkkoshuissubsidie Kuns- en musieksentrum Tegniese vakke Aanvullende fokusskole Uitbreiding van skole van keuse Aanspraak van leerverliese Huishoudings Werknekmersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3	Subsidies aan Onafhanklike Skole <i>Om onafhanklike skole te ondersteun ooreenkomsdig die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).</i> Waarvan Oordragte en subsidies Organisasies sonder winsoogmerk Beheerliggame van geregistreerde onafhanklike skole	167 043				167 043			
4	Openbare Spesiale Skoolonderrig <i>Om verpligte openbare onderwys in spesiale skole te verskaf in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996, en Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys, insluitende e-leer en inklusiewe onderwys.</i> Waarvan Nasionale voorwaardelike toekenning: Leerders met diepgaande intellektuele gestremdhede Oordragte en subsidies Organisasies sonder winsoogmerk Beheerliggame van openbare spesiale skole Leerdervervoer Hulpbronverskaffing aan leerders met diepgaande intellektuele gestremdhede Ongeplaasde leerders: Outisme Huishoudings Werknekmersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie	1 892 584	1 438 238	75 212		371 696	7 438		35 605

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
	3 Mediese Nooddienste <i>Om mediese nooddienste voor hospitalisasie te lewer, insluitende oorplasings tussen hospitale en beplande pasiëntvervoer; sowel as kliniese bestuur en koördinasie van noodmedisyne binne die Departement.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Provincies en munisipaliteite Provinciale departemente: Voertuiglisensies Huishoudings Werknemersbystandsvoordele	R'000 1 447 460	R'000 914 295	R'000 398 193	R'000	R'000 974	R'000 133 998	R'000	R'000
	4 Provinciale Hospitaaldienste <i>Om 'n hospitaaldiens te lewer wat toeganklik, gesik en doeltreffend is en algemene spesialisydienste verskaf, insluitende 'n gespesialiseerde rehabilitasiediens, tandheekundiediens en psigiatryske diens asook om 'n platform vir die opleiding van professionele gesondheidswerkers te skep en navorsing uit te voer.</i> Waarvan Nasionale voorwaardelike toekenning: Menslike Hulpbronnes Opleiding Waarvan Statutêre menslikehulpbronkomponent Opleidingskomponent Nasionale voorwaardelike toekenning: NGV Oordragte en subsidies Organisasies sonder winsoogmerk Befondsing van huisversorging (Open Circle) vir persone met autisme of intellektuele gestremheid en met uitdagende gedrag Metro-gesondheidsdienste-oorgangsorgfasilititeit Huishoudings Werknemersbystandsvoordele	5 136 297	3 673 929	1 343 275	68 174	50 919		321 910	115 410 206 500 2 372
	5 Sentrale Gesondheidsdienste <i>Om tersiêre en kwaternêre gesondheidsdienste te voorsien en 'n platform vir die opleiding van gesondheidswerkers en navorsing daar te stel.</i> Waarvan Nasionale voorwaardelike toekenning: Menslike Hulpbronnes Opleiding Waarvan Statutêre menslikehulpbronkomponent Opleidingskomponent Nasionale voorwaardelike toekenning: Nasionale Tertiére Dienste Oordragte en subsidies Huishoudings Werknemersbystandsvoordele	8 663 068	5 979 244	2 593 437	24 594	65 793		374 209	136 096 238 113 3 658 339
	6 Gesondheidswetenskappe en Opleiding <i>Om opleiding en ontwikkelingsgeleenthede aan werklike en potensiële werknelmers van die Departement van Gesondheid en Welstand te skep.</i> Waarvan Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram Geïntegreerde Toekenning vir Provincies Oordragte en subsidies Departemente agentskappe en rekening Gesondheid- en Welsynsektor se Onderwys-en-opleidingsowerheid (SETA) Organisasies sonder winsoogmerk Uitgebreide Openbarewerkeprogram Huishoudings Werknemersbystandsvoordele Ander oordragte aan huishoudings: Beurse	451 901	215 871	101 174	128 511	6 345		8 962	

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknemers	Goedere en dienste	Ander				
	7 Gesondheidsorg-steudienste <i>Om steudienste te lewer wat die Departement in staat stel om sy doelwitte te bereik.</i> Waarvan Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram Geïntegreerde Toekenning vir Provincies Oordragte en subsidies Huishoudings Werknemersbystandsvoordele	R'000 691 377	R'000 446 736	R'000 207 925	R'000	R'000 958	R'000 35 758	R'000	R'000 2 275
	8 Gesondheidsfasiliteitebestuur <i>Om nuwe gesondheidsfasiliteite te verskaf en bestaande fasiliteite op te knap, op te gradeer en in stand te hou, insluitende gesondheidstegnologie.</i> Waarvan Nasionale voorwaardelike toekenning: Gesondheidsfasiliteit-herlewning Geoormerkte prioriteitstoekennings: Tygerberg-hospitaal (instandhouding en kapitaal) Energie: Fotovoltaïese paneelstelsels in provinsiale gesondheidsgeboue Oordragte en subsidies Huishoudings Werknemersbystandsvoordele	1 397 800	90 838	353 103		1	953 858		1 169 946 894 445 227 447 48 054

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
7	Maatskaplike Ontwikkeling <i>Doele: Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste te verseker wat die armes, kwasbares en diegene met spesiale behoeftes geleenthede gee en hulle bemagtig.</i>	R'000 2 725 610	R'000 1 225 051	R'000 282 742	R'000	R'000 1 136 412	R'000 81 405	R'000	R'000 15 261
	1 Administrasie <i>Die program omvat die strategiese bestuur en steudienste op alle vlakke van die Departement, dit is provinsiale, streeks-, distriks- en faciliteits- of inrigtingsvlak.</i> <i>Waarvan</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>Onderwys-en Opleidingsowerheid (SETA)</i> <i>Openbare korporasies en privaat ondernemings</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i> <i>Huishoudings</i> <i>Werknelmersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i> <i>Eise teen die staat</i>	279 009	205 031	46 234		10 785	16 959		
	2 Maatskaplike Welsynsdienste <i>Voorsien geïntegreerde ontwikkelingsmaatskaplike welsynsdienste aan die armes en kwasbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike gemeenskapsorganisasies.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Vir verdere ontwikkeling, verbetering en uitrol na die NRO-sektor van die Social Worker Integrated Management System (SWIMS) toepassing en opleiding van NRO's oor hoe om die toepassing te gebruik</i> <i>Geoormerkte toekenning: Humanitäre noodleniging en rampreaksie</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Dienste aan bejaardes</i> <i>Dienste aan persone met gestremdhede</i> <i>Sosiale verligting</i> <i>Huishoudings</i> <i>Werknelmersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie</i>	1 235 636	641 375	127 409	416 987	49 865			2 000 7 500
	3 Kinders en Families <i>Verskaf omvattende kinder-, familiesorg- en ondersteuningsdienste aan gemeenskappe in vennootskap met belanghebbendes en organisasies in die burgerlike samelewing.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Vir verdere ontwikkeling, verbetering en uitrol na die NRO-sektor van die Social Worker Integrated Management System (SWIMS) toepassing en opleiding van NRO's oor hoe om die toepassing te gebruik</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Versorging en dienste aan families</i> <i>Kinderversorging en -beskerming</i> <i>Vroeë kinderontwikkeling en gedeeltelike sorg</i> <i>Kinder-en-jeugsorgsentrus</i> <i>Huishoudings</i> <i>Plasing van kinders</i>	533 524	26 254	801	506 469				2 000

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofdelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
	4 Herstellende Dienste <i>Verskaf geïntegreerde ontwikkelingsdienste vir maatskaplike misdaadvorkoming en middelmisbruiksteurings aan die mees kwesbare mense in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike gemeenskapsorganisasies.</i>	R'000 584 403	R'000 326 347	R'000 103 071	R'000	R'000 140 404	R'000 14 581	R'000	R'000
	Waarvan								
	Oordragte en subsidies								
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Dwelmmisbruik, voorkoming en rehabilitasie					50 946			
	Mismaadvorkoming en ondersteuning					15 112			
	Slagofferbemagtiging					73 302			
	Huishoudings						1 044		
	Werknemersbystandsvoordele: Verlofgratifikasie								
	5 Ontwikkeling en Navorsing <i>Verskaf volhoubare ontwikkelingsprogramme wat bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer, gebaseer op empiriese navorsing en demografiese inligting.</i>	93 038		26 044	5 227	61 767			3 761
	Waarvan								
	Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram Aansporingstoekenning vir Provincies								
	Oordragte en subsidies								
	Organisasies sonder winsoogmerk								
	Armoedevertigting en volhoubare lewensbestaan					49 056			
	Jeugontwikkeling					12 711			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
8	Mobiliteit <i>Doele:</i> Gebruik openbare en private vennootskappe om die Wes-Kaap se ekonomiese potensiaal te ontketen deur 'n veilige, waardeige en doelgerigte vervoerstelsel te ontwikkel wat transformerende toegang tot geleenthede vir die burgers van die Provinse bied.	R'000 3 223 468	R'000 635 649	R'000 941 115	R'000	R'000 1 573 602	R'000 73 102	R'000	R'000 1 491 926
1	Administrasie <i>Om algehele bestuursondersteuning aan die Departement te verskaf.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Provincies en munisipaliteite Munisipaliteite: Geïntegreerde vervoerbeplanning Openbare korporasies en privaat ondernemings Kommunikasie: Lisensies Huishoudings Werknelmersbystandsvoordele: Na-aftreedevoordele	128 645	98 377	24 022		4 306	1 940		
2	Vervoerondernemings <i>Om die voorseeing van geïntegreerde landvervoerdienste te beplan, reguleer en te faciliteer deur koördinering en samewerking met nasionale beplanningsowerhede, munisipaliteite, gemeenskapsgebaseerde organisasies, nie-regeringsorganisasies en die privaat sektor ten einde mobiliteit van alle gemeenskappe te verbeter en te faciliteer.</i> Waarvan Geoormerkte toekenning: George- geïntegreerde openbarevervoernetwerk Spoorvrag-hernuwingsraamwerk Landelike Vervoeroplossing tussen Dorpe vir Ekonomiese Groei en Werksgeleenthede Geïntegreerde vervoerstelsel Oordragte en subsidies Provincies en munisipaliteite Munisipaliteite: Voorsiening vir persone met spesiale behoeftes Munisipaliteite: Vervoerstelsels - Openbarevervoer veiligheid Munisipaliteite: George- geïntegreerde openbarevervoernetwerk Munisipaliteite: Niegemotoriseerde vervoerinfrastruktuur Openbare korporasies en privaat entiteite Nasionale voorwaardelike toekenning: Openbarevervoerbedryfsondernemingtoekenning, Golden Arrow-busdiens Edms (Bpk)	1 921 094	36 433	301 731		1 568 099	14 831		
3	Vervoerregulering <i>Om die vervoeromgewing te reguleer deur die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie, verenigings, operateurs en bestuurders.</i> Waarvan Oordragte en subsidies Huishoudings Maatskaplike voordele aan werknelmers: Na-aftreedevoordele en verlofgratifikasie	627 048	106 107	514 417		198	6 326		
4	Verkeersbestuur <i>Om veiligheid deur verkeerswetstoepassingsdienste te bevorder, padveiligheidsopvoeding, kommunikasie, bewustheid te faciliteer en die werking van Proviniale weegbrûe te faciliteer. Om opleiding aan verkeerswetstoepassingsbeamptes te verskaf.</i> Waarvan Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbarewerkeprogram Geïntegreerde Toekenning vir Provincies Oordragte en subsidies Provincies en munisipaliteite Provinciale departemente: Voertuiglisensies Huishoudings Werknelmersbystandsvoordele: Na-aftreedevoordele	546 681	394 732	100 945		999	50 005		
						8			2 079
						991			

Begrotingspos	Beskrywing van begrotingspos en hoofindelings	Totale	Lopende betalings			Oordragte en subsidies aan	Betalings vir kapitaalbates	Betalings vir finansiële bates	Bedrae spesifiek en uitsluitlik bewillig
			Vergoeding van werknelmers	Goedere en dienste	Ander				
9	Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning <i>Doeleinde: Ter bevordering van 'n veerkratige, volhoubare en inklusiewe lewensomgewing van gehalte ter ondersteuning van menslike welstand.</i> 1 Administrasie <i>Om die algehele bestuur van die Departement te behartig en 'n sentrale steundiens te lewer.</i> <i>Waarvan</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Openbare korporasies en privaat ondernemings</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	R'000 669 944	R'000 279 947	R'000 44 435	R'000 340 377	R'000 5 185	R'000 4 417	R'000 102 100	
	2 Omgewingsbeleid, Beplanning en Koördinering <i>Om die integrasie van omgewingsdoelwitte by nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsbeplanning te verseker, insluitende provinsiale groei en ontwikkelingstrategieë, plaaslike ekonomiese ontwikkelingsplanne en geïntegreerde ontwikkeling. Die program sluit dwars-leggende funksies in soos navorsing, departementele strategie, inligtingsbestuur en klimaatsveranderingsbestuur.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Energie: Groenekonomie-ekostelselondersteuning</i> <i>Waarvan</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Openbare korporasies en privaat ondernemings</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	79 716	66 552	8 737	10			9 500	
	3 Nakoming en Toepassing <i>Om te verseker dat omgewingsnakomingsmoniteringstelsels daargestel en geïmplementeer word, om wetgeving en omgewingsmagtigings toe te pas, nakomingsmonitering en toepassingskapasiteit te bou deur die vestiging en opleiding van omgewingsbestuursinspektorate, om te reageer op klagtes en kennismewings van omgewingsoordeeldings en om op te tree om hierdie klagtes te monitor en waar nodig die nakoming van omgewingsvereistes af te dwing.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Omgewingsimpakbeoordelings: Hoër doeltreffendheid</i> <i>Geoormerkte toekenning: Luggehalte-moniteringstasie - Herstelwerk en instandhouding</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Openbare korporasies en privaat ondernemings</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	38 144	26 733	11 301	1	109			
	4 Omgewingsgehaltebestuur <i>Om wette, beleide, norme, standarde en riglyne te ontwikkel vir omgewingsimpakbestuur, luggehaltebestuur en om die bestuur van aaval en besoedeling in provinsiale en plaaslike regeringsfere te ontwikkel.</i> <i>Waarvan</i> <i>Geoormerkte toekenning: Omgewingsimpakbeoordelings: Hoër doeltreffendheid</i> <i>Geoormerkte toekenning: Luggehalte-moniteringstasie - Herstelwerk en instandhouding</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Openbare korporasies en privaat ondernemings</i> <i>Kommunikasie: Lisensies (radio en televisie)</i>	36 630	32 798	3 647		185			
	5 Biodiversiteitsbestuur <i>Om die billike verdeling en volhoubare gebruik van natuurlike hulpsbronne te bevorder, om by te dra tot ekonomiese ontwikkeling deur bestuur van biodiversiteit tesame met die komponente, prosesse, habitatte en funksies daarvan.</i> <i>Waarvan</i> <i>Nasionale voorwaardelike toekenning: Uitgebreide Openbare werkeprogram Geïntegreerde Toekenning aan Provincies</i> <i>Geoormerkte toekenning: CapeNature - Rampvoorkomingsmaatreëls - Bestuur van veldbrande, vloede en ander risiko's</i> <i>Geoormerkte toekenning: CapeNature - Infrastruktuur-upgraderings en geskeduleerde instandhouding</i> <i>Oordragte en subsidies</i> <i>Departementele agentskappe en rekeninge</i> <i>CapeNature</i> <i>Organisasies sonder winsoogmerk</i> <i>Biosfeerreservate - vir bedryfsuitgawes</i>	93 947	81 545	12 027	4	371			4 314
		348 781	14 519	1 700	4	332 562			5 500
									2 978
									19 541
									41 986
						331 562			
						1 000			

